**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

DEUS EST VITA

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

# 2020: JAAR VAN DIENS-UITNEMENDHEID!

## NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DONDERDAG 15 OKTOBER 2020 OM 10:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG.

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Speaker |
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Voorsitter van Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. FM Lötter | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. AC Koch | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mnr. NJ Scheepers | : | Hoof: Sekretariaat & Rekordsbestuur |
| Mev. JM Rosenberg | : | Senior Tikster |

***

**AKSIE**

**BKN001/10/2020**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Munisipale Bestuurder open die vergadering met gebed, waarna die Voorsitter almal teenwoordig verwelkom.

***

**BKN002/10/2020**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Bestuurder: Strategiese Dienste – siekverlof
Interne Ouditeur – siekverlof

***

**BKN003/10/2020**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**BKN004/10/2020**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING GEHOU OP DONDERDAG 10 SEPTEMBER 2020**
**3/3/2/2**

**BESLUIT**

Dat die notule van die vorige vergadering, soos gehou op Donderdag 10 September 2020, bekragtig word.

***SENIOR TIKSTER (JM. ROSENBERG)***

***

**BKN005/10/2020**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR UITVOERENDE BURGEMEESTERS-KOMITEEBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE BESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING SOOS GEHOU OP DONDERDAG 10 SEPTEMBER 2020**
***(Die verslag, soos voorheen elektronies versprei, word ter tafel gelê – Bylae A)***

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN006/10/2020**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN007/10/2020**
**KORRUPSIE EN RISIKO'S VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**12/2/2/21**

Die Voorsitter stel die item vir bespreking.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die verslag, soos voorgelê.

***

**BKN008/10/2020**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER, SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Voorsitter doen die volgende mededelings:

LEED

Dat die Direkteur Korporatiewe Dienste se familielede oorlede is.

Hy wens die familie sterkte toe wat hul geliefdes in hierdie tyd aan die dood afgestaan het.

Die Voorsitter wens die Bestuurder: Strategiese Dienste sterkte toe met die herstel na haar operasie.

Die Voorsitter bedank al die betrokke personeel vir die bywoning en deelname in die GOP vergaderings.

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededelings:

Dat sy en die Uitvoerende Onderburgemeester die SALGA PMA gaan bywoon vanaf 13:00 Donderdag 15 Oktober 2020 tot Vrydag 16 Oktober 2020 en sal terugvoering versoek word indien mandate benodig word; en

Dat 'n regstelling by BKA026 in die agenda gemaak word en dit soos volg moet lees: Establishment of a *Community- and Rural* Forum for Bergrivier Municipality and the adoption of the Community Safety *Forum* Policy for Bergrivier Municipality.

***

**BKN009/10/2020**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN010/10/2020**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN011/10/2020**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: PLASING VAN BRANDWEERFUNKSIE**
**9/1/2**

Die Munisipale Bestuurder lei die item in en gee breedvoerig agtergrond oor die item onder bespreking.

**BESLUIT**

1. Dat die Provinsiale Minister vir Plaaslike Regering in die Wes-Kaap versoek word om die volle brandweerfunksie in totaliteit te plaas as funksie van die Weskus Distriksmunisipaliteit om alle brandweerdienste te voorsien in die Bergrivier Munisipale gebied; en

2. Dat die Munisipale Bestuurder versoek en gemagtig word om die Minister en Hoof van Departement van Plaaslike Regering in die Wes-Kaap dienooreenkomstig in te lig.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**BKN012/10/2020**
**TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: SHAMAR TRUST: VERLENGING VAN HUURKONTRAK KERKSTRAAT 5, PIKETBERG**

Die Direkteur Korporatiewe Dienste lei die item in vir bespreking en gee ‘n kort agtergrond. Addisionele inligting word gelewer deur die Munisipale Bestuurder.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**AANBEVELINGS: VIR OORWEGING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE EN GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat ‘n in-beginsel besluit geneem word, dat die huurkontrak vir die verlenging van die huurooreenkoms vir ‘n verdere tydperk vanaf 01 September 2021 tot 31 Julie 2028 oorweeg word teen dieselfde voorwaardes soos vervat in die huidige huurkontrak, nadat die nodige prosesse gevolg is, soos uiteengesit in Artikel 116(3) en Artikel 33 van die Munisipale Finansiële Bestuurswet, Wet 56 van 2003; en

2. Dat die Direkteur Korporatiewe Dienste in gesprek tree met die eiendomsagent om die moontlikheid te ondersoek om die gebou te koop hangende die finansiële volhoubaarheid daarvan en sodat alle finansiële implikasie oorweeg kan word.

***

**BKN013/10/2020**
**DERDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: ADDENDUM TOT DIE SALE BELEID**

Die Munisipale Bestuurder lei die item in vir bespreking. Addisionele inligting word gelewer deur die Direkteur Gemeenskapsdienste.

**BESLUIT**

1. Dat die aangehegte "Addendum to Conditions of Hire Community- and Library Halls" (Bylae 1 in die verslag) goedgekeur word as addendum tot die huidige Sale beleid; en

2. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee toestemming gee dat die regulasies/protokols geïmplementeer word soos vereis op die verskillende vlakke, maar wanneer die vlakke gelig / verander word hierdie addendum dan verval (soos benodig).

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

***

**BKN014/10/2020**
**"CONSIDERATION OF FRUITLESS AND WASTEFUL EXPENDITURE COMPENSATION FOR OCCUPATIONAL INJURIES AND DISEASES ACT, ACT 130 OF 1993 (AS AMENDED): ANNUAL RETURN OF EARNINGS TO DEPARTMENT OF EMPLOYMENT & LABOUR"**
**9/1/2**

The Portfolio Chairperson, Alderlady Crafford gave a brief summary of the item under discussion.

**RECOMMENDATIONS: FOR APPROVAL BY COUNCIL**

1. That Council takes note of the report;

2. That it be concluded that no current employee can be held personally liable for the fruitless and wasteful expenditure incurred to clear the outstanding account of the compensation commissioner; and

3. That Council certifies the fruitless and wasteful expenditure in the amount of R 255 569.54 to be irrecoverable and that it be written off.

***

**BKN015/10/2020**
**"CONSIDERATION OF UNAUTHORISED EXPENDITURE"**
**9/1/2**

The Portfolio Chairperson, Alderlady Crafford gave a brief summary of the item under discussion.

**RECOMMENDATIONS: FOR APPROVAL BY COUNCIL**

1. That Council take note of the content of the report;

2. That Council take note that the recognition of the asset through the application of the accounting standard of GRAP caused the unauthorized expenditure and that no official can be held liable;

3. That the unauthorized expenditure caused by the recognition of the asset in the accounting records in the amount of R 687 569.00 be authorized and be written off; and

4. That the Director: Financial Services and Director: Corporate Services jointly develop a Standard Operational Plan (SOP) that confirms the implementation of GRAP 23's operation within Bergrivier Municipality and that the delegation-document be adapted to specifically provide for this.

*******

**BKN016/10/2020**
**SPORT COUNCIL AND SPORT FORUM CONSTITUTION**
**17/7/1**

The Portfolio Chairperson, Councillor Du Plooy gave a brief summary of the item under discussion.

**RECOMMENDATIONS: FOR APPROVAL BY COUNCIL**

1. That the constitution of the Bergrivier Sports and Recreation Association attached hereto in the report be approved; and

2. That the constitution be used as the basis for the constitutions of the various sports councils.

*******

**BKN017/10/2020**
**HERSIENING VAN INDIENSNEMINGSBELEID**
**4/2/B**

Die Voorsitter lei die item in vir bespreking.

Uiteenlopende insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

1. Dat die item rakende die hersiening van die Indiensnemingsbeleid onttrek word vir verdere bespreking/insette/wysigings deur die Raad en Direksie;

2. Dat die administrasie ‘n regsopinie bekom om die onsekerhede rondom tydelike aanstellings finaal op te klaar binne die toepaslike wetswysigings;

3. Dat Bergrivier Munisipaliteit, met in ag neming van diensleweringsvereistes en alle risikos verbonde aan die wysiging van die Arbeidswet, ‘n “afkoelperiode” van 12 maande instel;

4. Dat persone weer aangestel mag word in tydelike poste wanneer die databasis vir tydelike werkers uitgeput is van ‘n spesifieke dorp, totdat die regsopinie ontvang en die indiensnemingsbeleid dienooreenkomstig gewysig word; en

5. Dat die tydelike werkers volgens numeriese volgorde gekies word uit die betrokke dorp se databasis vir die werwing/aanstelling van basiese dienslewering (hande arbeiders), **uitgesluit** spesialis velde, onderhewig aan die beskikbaarheid en bereikbaarheid van die persone op die databasis.

***MUNISIPALE BESTUURDER EN ALLE DIREKTEURE***

*******

**BKN018/10/2020**
**VISHUISPERSEEL NO.12, ERF 486, VELDDRIF (BOKKOMLAAN) TOESTEMMING VIR ONDERVERHURING**
**17/12/3/2; V486**

Die Portefeulje Voorsitter Raadslid Daniels lei die item in en gee breedvoerig agtergrond tot die item onder bespreking.

**AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

Dat die aansoek van Mev. M.H. Marais (ID no: 470316004086) om vishuisperseel No. 12 geleë op Erf 486, Velddrif aan Me. Gilda Nunes (ID no.7407260110085) te onderverhuur, **goedgekeur** word, onderhewig daaraan dat:

- Die bestaande huurkontrak van Mev. M.H. Marais en die bepalings daarin vervat onveranderd en van toepassing bly en dat Mev. Marais aanspreeklik bly vir die nakoming van alle bepalings vervat in die hoof huurooreenkoms, asook addendums aangegaan; en

- Dat die onderverhuurder, Me. Gilda Nunes, haarself vergewis van die bepalings van die huurooreenkoms en dat sy nie 'n restaurant vanaf die huurperseel sal mag bedryf nie, maar wel 'n koffiewinkel.

***

**BKN019/10/2020**
**VERVREEMDING VAN MUNISIPALE EIENDOM: EIENDOM ERF 1438, VELDDRIF**
**7/2/3/1; V1438**

Die Portefeulje Voorsitter Raadslid Daniels lei die item in en gee breedvoerig agtergrond tot die item onder bespreking.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat Erf 1438, Velddrif nie benodig word vir minimum vlak munisipale dienslewering nie;

2. Dat die Raad oorweging daaraan gee om 'n gedeelte (±10 000m² / ±1 ha) van Erf 1438, Velddrif geleë teenaan Kerklaan, per publieke tender beskikbaar te stel vir nywerheidsontwikkeling;

3. Dat 'n markverwante waardasieprys vir die gedeelte grond bepaal word om as insetprys gebruik te word. Die markverwante waardasieprys moet verkry word voor die Raad die aangeleentheid oorweeg; ***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

4. Dat Bergrivier Munisipaliteit die onderverdeling en hersonering van die eiendom en opmeting van die grondgedeelte behartig;

5. Dat die grondgedeelte na afhandeling van punt nommer 4. per openbare tender vervreem word teen markverwante waardasieprys tesame met opmeetkoste onderhewig aan die volgende voorwaardes: ***BESTUURDER: BEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

5.1 dat die tender geadverteer word vir 30 dae;

5.2 dat die koper verantwoordelik sal wees om die oordragkoste te betaal;

5.3 dat die koper verantwoordelik sal wees dat die eiendom sal aansluit by munisipale dienste tot bevrediging van die Direktoraat Tegniese Dienste;

5.4 dat die koper verantwoordelik sal wees vir die nodige grondgebruikbeplanning aansoeke asook enige permitte, lisensies of goedkeurings wat hul beoogde gebruik mag benodig;

5.5 dat die eiendom omhein en plavei (van harde oppervlak voorsien) moet word op die onkoste van die koper;

5.6 dat die koper verantwoordelik sal wees vir die voorsiening van sekuriteit op die eiendom teen sy/haar eie koste;

5.7 dat die koper homself/haarself moet bind aan 'n implementeringstydperk vir die ontwikkeling van nie langer as 2 jaar nie; en

5.8 dat streng toegangsbeheer op die perseel toegepas moet word.

***

**BKN020/10/2020**
**<u>VERSOEK OM MUNISIPALE GROND: REGISTREERDE ERF 3296 PIKETBERG (GEDEELTE VAN REGISTREERDE ERF 2713 PIKETBERG)</u>**
**7/2/3/1**

Die Portefeulje Voorsitter Raadslid Daniels lei die item in en gee breedvoerig agtergrond tot die item onder bespreking.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die item terugverwys word vir verdere ondersoeke/wysigings van finansiële beleide om grond beskikbaar te stel vir opkomende kleiner besighede.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**BKN021/10/2020**
**VERSOEK OM MUNISIPALE GROND: ERF 2611 PIKETBERG**
**7/2/3/1**

Die Portefeulje Voorsitter Raadslid Daniels lei die item in en gee breedvoerig agtergrond tot die item onder bespreking.

**BESLUIT**

Dat die item terugverwys word vir verdere ondersoeke/wysigings van finansiële beleide om grond beskikbaar te stel vir opkomende kleiner besighede.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**BKN022/10/2020**
**DELEGASIE VAN BEVOEGDHEDE**
**2/3**

Die Portefeulje Voorsitter Raadslid Daniels lei die item in en gee breedvoerig agtergrond tot die item onder bespreking.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die Raad kennis neem van die delegasies van die Munisipale Bestuurder wat ooreenkomstig wetgewing aan die Munisipale Bestuurder toegeken is;

2. Dat die gewysigde delegasies goedgekeur word; en

3. Dat elke personeellid aan wie 'n delegasie toegeken word dit skriftelik moet ontvang.

***

**BKN023/10/2020**
**MOBIELE KOMMUNIKASIE BELEID**
**6/2/2**

Die Portefeulje Voorsitter Raadslid Daniels lei die item in en gee breedvoerig agtergrond tot die item onder bespreking.

**BESLUIT**

1. Dat die gewysigde Mobiele Kommunikasie Beleid (Bylae A in die verslag) aanvaar word;

2. Dat die onderskeie Bestuurders en Hoofde die inhoud van die gewysigde Mobiele Kommunikasie Beleid onder die aandag van die betrokke personeel bring;

3. Dat die Bestuurders 'n lys saamstel van personeel binne hulle onderskeie departemente, wat ooreenkomstig die gewysigde Mobiele Kommunikasie Beleid van 'n selfoon en/of data kontrak voorsien moet word, en aan die

***BESTUURDER: ADMINISTRASIE (WAARNEMEND)***

Munisipale Bestuurder/Direkteure voorlê vir goedkeuring; en

4. Dat elke Bestuurder binne sy/haar 2020/2021 bedryfsbegroting voorsiening maak vir die addisionele uitgawes, waar nodig.

***

**BKN024/10/2020**
**<u>PMU & BUILDING CONTROL – SEPTEMBER 2020</u>**
**9/1/2**

The Portfolio Chairperson, Councillor Wessels gave a brief summary of the item under discussion.

**<u>RESOLUTION</u>**

That the Executive Mayoral Committee note the progress of MIG, EPWP and BUILDING CONTROL projects.

***DIRECTOR TECHNICAL SERVICES***

***

**BKN025/10/2020**
**<u>SKILDER EN VERFRAAI VAN VULLISDROMME: PORTERVILLE</u>**
**9/1/2**

Die Portefeulje Voorsitter Raadslid Wessels lei die item in en gee breedvoerig agtergrond tot die item onder bespreking.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die skilder en verf van die vullisdromme deur die Raad goedgekeur word, onderhewig aan die Raad se voorwaardes soos volg:

1. Alleenlik Fauna en Flora mag uitgebeeld word;
2. Geen politieke inhoud nie;
3. Geen "Slogans" nie;
4. Dat die kunstenaars die onderhoud van hierdie dromme en die kunswerke self toepas, indien nie sal dan teruggekeer word na standaard kleure; en
5. Dat die agtergrondskleure die standaard kleure (Palotone Colours) van Bergrivier Munisipaliteit se handelsmerk moet wees naamlik: rooi, geel en koningsblou.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

**BKN026/10/2020**
**<u>VELDDRIF OORLAAISTASIE EN -TERREIN</u>**
**9/1/2**

Die Portefeulje Voorsitter Raadslid Wessels lei die item in en gee breedvoerig agtergrond tot die item onder bespreking.

Uiteenlopende insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

1. Dat die Raad kennis neem van die verslag rakende die Velddrif oorlaai-stasie en die feit dat die huidige situasie teenstrydig is met die twee lisensies op die terrein;

2. Dat voorsiening gemaak word vir fondse om genoegsame personeel aan te stel om die oorlaaistasie op Velddrif optimaal te bestuur;

3. Dat voorsiening gemaak word dat die vakante onbefondse pos van "Chipper" operateur gevul kan word op 'n permanente basis en verwys word na die Begrotingsloodskomitee vir bespreking;

4. Dat die Raad kennis neem van die behoefte om die stortingstariewe te mag hef ("The polluter pays principle");

5. Dat die lang termyn plan om die bou-rommel te "crush" en weer te gebruik in beginsel goed te keur en 'n befondsingsplan opgestel word;

6. Dat die aanstel van 'n Vaste-afval Bestuurder vir Bergrivier Munisipaliteit 'n prioriteit moet wees; en

7. Dat hierdie terrein as 'n brandseisoenprojek geregistreer word vanaf Oktober 2020 tot einde Maart 2021 en dat tydelike personeel aangestel word om die funksies te verrig vir hierdie tydperk.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

**BKN027/10/2020**
**VERSLAG OOR WATERVERLIESE VELDDRIF**
**9/1/2**

Die Portefeulje Voorsitter Raadslid Wessels lei die item in en gee breedvoerig agtergrond tot die item onder bespreking.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

1. Dat die Raad kennis neem van die verslag rondom die implementering van waterverlies beheer maatreëls in Velddrif;

2. Dat addisionele personeel aangestel word om die vervanging en herstelwerk aan watermeters te doen om die kort termyn voorstelle te laat realiseer; en

3. Dat aansoek gedoen word vir addisionele befondsing vir die uitrol van nuwe "smart" watermeters wat vanaf 'n afstand gelees kan word.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

**BKN028/10/2020**
**ESTABLISHMENT OF A COMMUNITY AND RURAL SAFETY FORUM FOR BERGRIVIER MUNICIPALITY AND THE ADOPTION OF THE COMMUNITY SAFETY FORUM POLICY FOR BERGRIVIER MUNICIPALITY**

The Portfolio Chairperson, Councillor Du Plooy gave a brief summary of the item under discussion.

**RESOLUTIONS**

1. That the Executive Mayoral Committee supports the establishment of the Bergrivier Community- and Rural Safety Forum (which specifically includes rural safety and the participation of organized agriculture); and

2. That the Executive Mayoral Committee adopts the Community Safety Forum Policy as the Community Safety Forum (CSF) guiding document for Bergrivier Municipality.

***DIRECTOR COMMUNITY SERVICES***

***

**BKN029/10/2020**
**REPORT ON THE SITUATION OF OUR SIDEWALKS, GARDENS, OPEN SPACES, SPORTS FIELDS AND PLAY PARKS**

The Portfolio Chairperson, Councillor Du Plooy gave a brief summary of the item under discussion.

**RESOLUTION**

It is recommended that the Committee notes the measures that are currently in place which are designed to address the service delivery backlog in all our towns.

***DIRECTOR COMMUNITY SERVICES***

***

**BKN030/10/2020**
**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN031/10/2020**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

**BKN032/10/2020**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

Geen

***

**BKN033/10/2020**
**IN-KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

***

**BKN034/10/2020**
**IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

**BKN035/10/2020**
**IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 12:00***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

______________________________ ____________________

***VOORSITTER***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***DATUM***

***